# BEROEP JOU OP DIE HERE

## GEBEDSGIDS

Geopende Deure



Internasionale Dae van Gebed vir die Vervolgde Kerk

**1-8 November 2020**

opendoors.org.za

Vervolg Maar nooit alleen.

# Inhoud


- Dankie, bl. 3
- Die geveg is op ons knieë, bl. 4-5
- Bid asseblief vir ons, bl. 6
- Kreatiewe maniere waarop jy kan bid, bl. 7
- Bid vir Latyns-Amerika, bl. 8
- Bid vir die Midde-Ooste, bl. 9
- God sal mense laat opstaan om te bid, bl. 10
- Bid vir Asië, bl. 11
- Bid vir Afrika, bl. 12
- Bid vir mekaar, bl. 13


“Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy sal My eer.”
Psalm 50:15
(1983-vertaling)



**Dankie** dat jy Geopende Deure se *Beroep jou op die Here-gebedsgids* afgelaai het. Ons bid dat jou gebedslewe aangevuur sal word terwyl jy deur hierdie gids bid.

*Waarom die Beroep jou op die Here-gebedsgids?*

Ons leef in ŉ uitdagende tyd. Niemand kon aan die begin van hierdie jaar voorspel dat die wêreld teen ŉ pandemie sou veg nie en dat dit gevolglik in ŉ stryd in ons alledaagse lewens sou ontaard nie. Ons moes gewoond raak aan ŉ ander manier van lewe, wat ŉ stryd is saam met alles wat ons andersins moet hanteer. Terwyl ons probeer om deur hierdie jaar te kom, ervaar ons vervolgde familie steeds vervolging – wat deur die pandemie vererger is.

Wanneer ŉ mens na alles kyk wat nou gebeur, glo ons by Geopende Deure in die krag van gebed. Dis in hierdie tyd noodsaaklik dat ons ons op die Here beroep vir ons vervolgde familie en vir mekaar. Hy is die enigste een wat ons kan verlos. Ons het dus hierdie gebedsgids saamgestel om jou te help om gedurende hierdie tyd, asook tydens die **Internasionale Dae van Gebed vir die Vervolgde Kerk (IDOP)** op 1-8 November, vir ons vervolgde familie en vir mekaar te bid.

Ons bid dat jy in jou gebedslewe versterk sal word en deur die stories in hierdie gids bemoedig sal word terwyl jy tydens IDOP vir ons vervolgde broers en susters bid. Ons glo dat God ons sal verlos wanneer ons saam Sy Naam aanroep en vir mekaar bid!

DANKIE

# Die geveg is op ons knieë

Die koronavirus is steeds in ons midde en die kans is goed dat ons nog vir 'n lang tyd daarmee sal moet saamleef. Terwyl ons ons lewens opnuut moet navigeer in die nasleep van die pandemie, moet ons broers en susters aanhou om vervolging – wat as gevolg van die pandemie toegeneem het – te verduur. Baie vervolgde Christene is laaste in die ry met regeringsbystand en noodleniging. By Geopende Deure moes ons kyk hoe ons hulle die beste kon bystaan om in hierde nuwe omstandighede te oorleef.

Omdat ons mense van gebed is, het ons baie ure in gebed voor God deurgebring en vir Sy genade, wysheid en leiding in hierdie tyd gevra.

Ons het die volgende gesegde by Geopende Deure: *"Werk asof alles van jou afhang en bid asof alles van God afhang."* Met ander woorde, ons werk met die vaardighede en begrip wat die Here ons gegee het, maar besef dat ons niks sonder God kan doen nie. Ons het Hom nodig om tot ons redding te kom, en daarom bid ons.

Broer Andrew, stigter van Geopende Deure, het een keer hierdie waarheid gedeel: *"Die geveg is op ons knieë."*

Hy het by 'n ander geleentheid die volgende gedeel: *"Ons sê dikwels dat gebed dinge verander. Gebed verander egter niks nie. Behalwe: Dit verander jou. Natuurlik beantwoord*





*God ons gebede, maar die eerste ding wat gebed verander is jouself. En dis uiters noodsaaklik, want volgens ons natuur:*

***"…wil ons bid, maar nie betrokke raak nie.***
***…wil ons bid, maar nie verander nie.***
***…wil ons bid, maar dit moenie te veel kos nie. Verseker nie tyd nie."***

*"Dit is waarom ons nodig het om te bid. Maar wat moet ons bid? Daar is ŉ ou liedjie deur ŉ Hollander genaamd Johan Bos. Hy sing: 'Here, vergewe my droë oë.' Gebed is lyding saam met iemand anders. Ek het ŉ paar jaar gelede in die Evangelies gelees oor Jesus se versoek aan Sy dissipels toe hulle in die tuin van Getsemane was. Hy het geweet Hy sou gearresteer, gemartel en doodgemaak word. Hy het alleen gebid en daarna na Sy slapende dissipels teruggekeer. Toe het Hy gesê: 'Kon julle nie eers vir ŉ uur saam met my waak nie?'*

*"Ek het hartseer geword toe ek dit lees. Ons moet natuurlik snags saam met ons vervolgde broers en susters waak. Snags, wanneer dit gevaarlik is. In die nag, wanneer jy jou probleme in die gesig moet staar. Dit is wanneer jy gebed die nodigste het. Ons moet getrou wees in ons gebede. In dieselfde mate as wat ons getrou is, sal ons geloof versterk word."*

Nadat Broer Andrew klaar gepraat het, het hy na sy gehoor gekyk en gevra: *"Kan ons nog een uur waak saam met diegene wat deur ŉ moeilike tyd gaan? Of is ons gebede niks meer as ŉ nagedagte na ete nie?"*

Dis uitdagende woorde, veral in hierdie krisis. Kan ons vir ŉ ekstra uur wakker bly om gedurende IDOP vir ons vervolgde broers en susters te bid? En kan ons saam met die mense waak wat so dapper teen die virus veg, ongeag of dit in die hospitaal, laboratorium of liggaam is?

Die geveg is op ons knieë, in gebed… God wil eerstens elkeen van ons verander, en dan die wêreld.

# “Bid asseblief vir ons”

## Sien hoe gebed jou broers en susters versterk

Wanneer ons aan ons vervolgde familie vra wat ons vir hulle kan doen, is hul eerste versoek: *“Bid asseblief vir ons!”* So kom ons hou aan om saam te staan in gebed vir ons vervolgde broers en susters. Jy maak ŉ verskil as jy hulle aan die Here opdra!

Lees hier hoe gebed ŉ groot bron van troos en krag vir baie gelowiges is tydens geestelike oorloë…




**“Baie dankie dat julle altyd vir ons omgee. Dit is een van my sterkpunte (om aan die gang te bly), want God het julle gestuur om te bid en na ons te kyk.”**

**– Novita, moeder van Alvaro, wat in ŉ bomontploffing in Indonesië beseer is**




**“Julle het my gehelp; ek sal ook ander help. Dankie vir jul gebede en ondersteuning, Geopende Deure.”**

**– Ayub, Uganda**



**“Julle ondersteuning en gebede lei tot groei in die Koninkryk. Die Kerk in Iran is steeds lewendig, selfs al word kerkgeboue gesluit en word ons land deur ŉ pandemie geteister.”**

**– Salomeh*, Iran**

*Naam verander en verteenwoordigende foto gebruik vir sekuriteitsredes.



# Kreatiewe maniere waarop jy kan bid

**Wees gedurende IDOP gemotiveerd deur die volgende idees om vir jou broers en susters in Christus te bid, op jou eie en saam met ander.**

## Sluit by een van Geopende Deure se landwye gebeds-byeenkomste aan

Sluit by ŉ spesiale gebedsbyeenkoms aan en nooi jou familie, vriende en kerkgemeenskap om saam met jou vir ons vervolgde familie en vir mekaar te bid. Vir meer inligting oor jou naaste gebedsbyeenkoms, stuur ŉ epos aan **southafrica@od.org**.

## Gebruik tydskrifte en koerante

Knip verhale uit oor lande waar Christene weens hul geloof onder skoot is. Bid vir die situasie in daardie land, asook vir die leiers en Christene – dat "elke knie sal buig en elke tong sal erken dat Jesus Christus die Here is" in daardie lande (Filippense 2:10-11).

## Steek ŉ kers aan

Wanneer jy ŉ kers aansteek en vir diegene in die voorste linies van hul geloof bid, bid dat die lig van Christus in hul lewens en lande sal skyn, en dat die duisternis nie in staat sal wees om dit te oortref nie (Johannes 1:5).

## Skep ŉ gebedsmuur

Vra God om aan jou te wys hoe jy vir jou geteisterde broers en susters kan bid. Skryf dié gebede neer. Skep ŉ gebedsmuur in jou huis. Voeg nuwe gebede daarby soos wat God jou lei.

## Doen ŉ gebed-staptog

Stap deur jou tuin, op die strand, ŉ wandelroete of verby ŉ moskee of tempel terwyl jy oefen; en bid vir almal in ons land se redding, en ook vir die talle vervolgde Christene wat in die tronk is of weens hul geloof moet wegkruip. Bid dat hulle eendag vry sal wees om hul geloof vreesloos en met vrymoedigheid te verkondig.

## Bid vir
# Latyns-Amerika

## 1-2 November



## Vinnige feite

- Christenskap is in die 16de eeu deur die Spaanse en Portugese veroweraars van Noord-, Sentraal- en Suid-Amerika na Latyns-Amerika gebring.
- Die meerderheid Latyns-Amerikaners is Christene.

## Vervolging

Latyns-Amerika het oor die jare ŉ verhoging in geweld ervaar, met dwelmbase en guerillastryders wat ŉ skrikbewind voer. Dit is vandag een van die gevaarlikste streke in die wêreld, met hoë misdaadvlakke en teregstellingsmoorde in sommige lande. Christene in sommige lande in dié streek word weens hul geloof in God aan hierdie geweld onderwerp. Hul Evangelie-boodskap en bedieningswerk word in plekke soos Colombië en Mexiko as ŉ bedreiging gesien vir die aktiwiteite van guerillastryders en ander misdaadgroepe. In inheemse gebiede ervaar hulle verwerping en word hulle gestraf omdat hulle hul gemeenskappe se tradisionele gelowe verwerp.

## Impak van COVID-19

In ŉ streek waar die meeste gesondheidsorgstelsels baie swak is en talle mense in benarde sosiale en ekonomiese toestande leef, lei die aanwesigheid van die koronavirus tot nog groter kommer. COVID-19 het alreeds ŉ groot impak op Geopende Deure en sy vennote in Colombië en Mexiko se pastorale aktiwiteite en programme gehad.

## Bid

- Bid vir beskerming vir Christelike leiers, wat hulle lewens waag om die Evangelie met mense te deel wat dwelms gebruik en kwesbaar is om deur misdaadgroepe gewerf te word.
- Bid vir die beskerming van kinders in die streek, insluitende Christenkinders wat deur misdaadgroepe geteiken word om by hulle aan te sluit.
- Bid vir God se leiding vir Geopende Deure en ons vennote om vervolgde Christene in die land te bemoedig en aan hul behoeftes te voldoen, veral met die ekstra druk weens die pandemie.



# Bid vir die Midde-Ooste

## Vinnige feite

- Die Midde-Ooste is die geboorteplek van die Christendom en die tuiste van sommige van die wêreld se mees antieke Christelike denominasies.
- Die Christenpopulasie was voorheen sowat 20%, maar is nou slegs 5%.

## Vervolging

Die Kerk is tans onder geweldige druk, met Gelowiges vanuit ŉ Moslemagtergrond wat selfs meer druk ervaar omdat hul bekering oneer aan hul families bring. In plekke soos Irak en Sirië ervaar Christene verhoogde marginalisering, en talle kies om pad te gee om ŉ beter toekoms vir hul families te verseker. Dit is in talle lande in hierdie streek onwettig om Islam te verlaat, wat beteken dat Christene hul geloof geheim moet hou. In ander lande ervaar hulle diskriminasie, teistering, monitering deur die polisie en verskillende soorte intimidasie deur die owerhede, hul families, gemeenskappe en ekstremiste.

## Impak van COVID-19

Die koronavirus-pandemie het ons vervolgde broers en susters wat in oorlog- of konflik-situasies leef, se benarde situasie vererger. Terwyl regerings sukkel om hul bevolkings en ekonomieë te beskerm, ervaar lande met alreeds minderbevoorregte bevolkings – waar mense beperkte toegang tot skoon drinkwater, voldoende voeding en sanitasie, skuiling, gesondheidsorg en onderwys het – nog meer probleme.

**3-4 November**



## Bid

- Bid dat die Kerk in die Midde-Ooste sal groei, ondanks die beperkings en gevare wat dit weens sy Christelike oortuigings ervaar.
- Bid dat die Kerk maniere sal vind om ondersteuners te midde van probleme te ondersteun, veral bejaardes en geïsoleerdes.
- Bid vir volgehoue genade en wysheid vir ons vennote wat in die streek werk, terwyl hulle bepaal hoe hulle kan volhou om vervolgde Christene te dien.



# God sal mense oprig om te bid

Alexander Ogorodnikov het jare in ŉ arbeidskamp in die voormalige Sowjet-Unie deurgebring weens sy geloof. Alles in die kamp was daarop gemik om hom seer te maak en te vernietig – die swaar arbeid, onmenslike skedule, kosrantsoene, gebrek aan slaap.

*"Alles het een doel nagestreef,"* het Alexander aan Geopende Deure vertel, *"en dit is dat jy ŉ slaaf met dierlike instinkte moes word en geensins soos die beeld van God moes lyk nie."*

Die moeilikste ding was egter dat hy heeltemal vergete gevoel het. Hy het nooit ŉ brief ontvang nie, nie eens van sy vrou en seun nie. Die wagte het hom later in ŉ sel met ŉ gebreekte venster toegesluit. Alexander was seker dat hy sou verkluim.


*"Ek het toe gevoel dat selfs God my vergeet het. Het ek al hierdie jare tevergeefs gely? Ek het in my desperaatheid na God begin roep. Hoewel ek gewoonlik stilweg gebid het, het ek nou op Hom geskreeu: 'God, het U my verlaat?' En toe het dit gebeur…"*

Alexander het baie jare later ontdek dat God daardie spesifieke nag aan talle mense ŉ droom gegee het om vir ŉ sekere "Alexander" te bid. Hulle het wakker geword en vir hom gebid.

En Alexander, wat duisende myle weg was van die mense wat gebid het, het begin warmer te kry. *"Dit was nie die hitte van ŉ stoof nie, maar die hitte van ŉ moeder wat ŉ kind teen haar bors vasdruk. Ek het ook ŉ hand op my skouer gevoel. Dit het my uiters gelukkig gemaak."*

Die wagte was die volgende oggend verstom om te sien dat Alexander nog leef. Hy het danksy die gebede van getroue gelowiges oorleef. *"Ek wil aan hulle sê dat hul liefde my onvernietigbare hoop gegee het."*

Indien jy geïsoleer, uitgeput en selfs vergete voel, wees verseker dat God mense sal oprig om vir jou te bid. Hy het gesê: *"Ek sal jou nooit verlaat nie; jou nooit in die steek laat nie."* (Hebreërs 13:5).



# Bid vir Asië

## Vinnige feite

- Sendelinge is in die 1850's die eerste keer na Asië gestuur, maar die Kerk het vir nog 100 jaar nie ŉ blywende teenwoordigheid in dié streek ontwikkel nie.
- In 2019 het kundiges gesê dat Christenskap in Asië sy grootste bedreiging sedert die opkoms van kommunisme ervaar.

## Vervolging

Die drie vernaamste gelowe in Asië is Islam, Hindoeïsme en Boeddhisme. Talle aanhangers van hierdie gelowe sien die Christendom as ŉ bedreiging vir hul geloof. In lande met ŉ Moslem-meerderheid word dit as oneer aan die familie gesien as ŉ persoon Islam verlaat. In Indië en Nepal, waar daar ŉ Hindoe-meerderheid is, word dit as ŉ afwyking van die voorvaders se geloof gesien wanneer iemand Hindoeïsme verlaat. In lande met ŉ Boeddhistiese meerderheid is die siening dat Christenskap slegte geluk bring en die geeste omkrap. Sulke sienings het daartoe gelei dat Christene verwerp, teen gediskrimineer, aangeval en selfs doodgemaak is.

## Impak van COVID-19

Die uitbreking van die pandemie het talle lande gedwing om hul grense te sluit, en samelewings en ekonomieë is tot stilstand gebring. Baie dagarbeiders en mense in lae inkomstegroepe was skielik in die moeilikheid. Christene in Asië is dubbel so hard getref, want hulle is in talle lande met opset van noodleniging ontsê.

## 5-6 November



## Bid

- Bid vir vervolgde Christene in Asië, veral in hierdie tyd van verhoogde vervolging en behoeftes.
- Bid vir wysheid en leiding vir Christene om sout en lig in hul families en gemeenskappe te wees.
- Bid dat ons vennote beskerm sal word in hul geestelike oorloë en geestelike onderdrukking in ŉ uiters geesbelaaide omgewing, terwyl hulle vervolgde Christene in dié streek dien.



# Bid vir Afrika

## 7-8 November



## Vinnige feite

- Vir byna net so lank as wat daar volgelinge van Jesus Christus is, is daar al ŉ Christelike teenwoordigheid op die Afrika-kontinent.
- Volgens ŉ verslag van die Pew Navorsingsentrum, sal ses van die lande met die top tien grootste Christelike bevolkings teen 2060 in Afrika wees.

## Vervolging

Daar was die afgelope paar jaar ŉ drastiese oplewing in geweld teen Christene op die Afrika-kontinent. Islamitiese militante in Afrika is deel van ŉ breër, globale ideologiese neiging. Groepe wat deur die sogenaamde Islamitiese Staat (ISIS) geïnspireer word, het die afgelope jaar die lewens van duisende Christene op die kontinent geëis. Hoewel hierdie groepe meestal nie so groot en kragtig soos ISIS is nie, word hulle deur hul verbintenis met eendersdenkende organisasies binne en buite Afrika versterk.

## Impak van COVID-19

In plekke soos Ethiopië en ander sub-Sahara Afrikalande sukkel Christene om genoeg kos te kry, aangesien hulle uit hul gemeenskappe verdryf word en nie toegelaat word om te werk nie. Hulle is nou dubbel kwesbaar weens die beperkings en impak van die pandemie. In ŉ streek waar talle lande alreeds ŉ oorspanne gesondheidstelsel het, wat teen voortslepende siektes soos malaria, masels en die huidige Ebola-uitbreking veg, verhoog COVID-19 die druk.

## Bid

- Bid vir die Here se beskerming en leiding oor die vervolgde Kerk in Afrika, sowel as geestelike en fisiese voeding in hierdie tyd.
- Bid vir kerkleiers en Geopende Deure – dat die Here vir ons Goddelike wysheid en insig sal gee oor hoe om gelowiges in Afrika die beste by te staan, te dien en te bemoedig.
- Bid vir ons Afrikaleiers en regerings op alle vlakke – dat hulle hul mag en stemme sal gebruik om mense van alle gelowe by te staan.

# Bid vir mekaar

Richard J. Foster, ŉ Christelike teoloog, sê: *"God gee deur middel van voorbiddende gebede aan elkeen van ons ŉ persoonlike, handgegraveerde uitnodiging om intiem betrokke te raak by arbeid ten bate van ander se welstand."*

Net soos ons gedurende IDOP vir ons vervolgde familie intree, is dit ook belangrik dat ons vir ons geliefdes, gemeenskappe en land intree. Dit was vir ons almal ŉ rowwe jaar. Baie van ons is werksgewys, gesondheidsgewys en dalk selfs geestelik deur die pandemie geraak.

## Bid

- Bid dat die Here in al die behoeftes van diegene wat hul werk verloor het, sal voorsien en diegene wat geliefdes verloor het as gevolg van die pandemie sal vertroos.
- Bid vir goeie gesondheid vir ons geliefdes, kollegas, bure en familie in Christus in Suider-Afrika, veral vir die kwesbaarste persone onder ons.
- Bid vir wysheid en leiding vir ons regerings terwyl hulle die land na die langdurige inperking probeer ophef.
- Bid dat ons, as die Suider-Afrikaanse Kerk, ŉ skynende lig van Christus se liefde en hoop in hierdie tyd sal wees.



## Jy kan 'n verskil maak

COVID-19 het tot verhoogde vervolging teen Christene gelei. Christene word in talle geslote lande, waar regerings en nie-winsgewende organisasies hulp aan diegene in nood verskaf, oorgesien. In een geval het die owerhede 18 Christenfamilies vertel: *"Julle is Christene en jul God sal vir julle families sorg! Die regering is nie verantwoordelik vir julle families nie."* In sommige lande word Christene gevra om hul geloof prys te gee in ruil vir kos en basiese benodigdhede.

Jy kan vandag ons broers en susters help om sterk te staan vir die saak van Christus. Met jou geskenk van R150 of meer, sal jy help om noodsaaklike voedsel en basiese voorrade aan hulle te verskaf. Dit sal aan hulle wys dat hulle nooit alleen is nie! Besoek **www.opendoors.org.za/afr/covid** om hulle te versterk.


Geopende Deure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd
Open Doors South Africa
+27 11 888 9341
southafrica@od.org
www.opendoors.org.za